Oranialied

Vader, seën die opgerolde moue,
die grond aan ons hande die sweet op ons lyf
om uit vrug van eie arbeid ook skeppend met die waardes
van die ware en die goeie en die skone om te gaan.

Gee ons dan ook nederige harte
dat ons met elke instelling mekaar sal kan dien.
So vind ons as bouers van Orania
weer die vryheid van 'n ryk en vol bestaan.

- Elica Joubert -

Die Roepstem van Orania

Uit die hoeke van ons land en volk
Lê spore oor ons barre grond
God Drie-enig roep ons saam
Ter ere van Sy grote Naam
'n Nuwe volk het opgestaan
op die pad na Orania.

Koor:
Orania, Orania
Met hande in die grond en moue opgerol
Bou Hy, bou ek, bou ons aan jou.
Ons sal self, Orania.

Op die koppie staan ons eie reus
Hy's klein, maar leer ons werkersgees
Ons vryheidstrewe snoer ons saam
Graveer in klip 'n nuwe naam
Ons volk het eind'lik tuisgekom
Verenig, Orania!

Koor:
Orania, Orania
Met hande in die grond en moue opgerol
Bou Hy, bou ek, bou ons aan jou.
Ons sal self, Orania.
Ons sal self, Orania!

- Murphy-gesin -

Die Fakkel

Orania Volkslied Kompetisie

Geplant aan die oewer van vryheid
Gevorm deur die grond waarop ons staan
Deur sand en son verbind
'n Tuiste hier gevind

Koor:
Ons sal die fakkel vir Orania dra
En saam sal ons floreer
Ons bou aan 'n nuwe môre
Die toekoms sal ons inspireer!

Met vertroue in die Heer
Staan ons vas in wat ons glo
Ons sal bou op hoop en liefde
Onverskrokke met hulp van Bo

Koor:
Ons sal die fakkel vir Orania dra
En saam sal ons floreer
Ons bou aan 'n nuwe môre
Die toekoms sal ons inspireer!

Ons droom van 'n plek vir ons kinders
Waar ons waardes in ere staan
Waar ons kan leef in ons eie taal
Met trots wat nooit sal faal

Koor:
Ons sal die fakkel vir Orania dra
En saam sal ons floreer
Ons bou aan 'n nuwe môre
Die toekoms sal ons inspireer!

- Kean Olivier -

Volkslied van Orania

Orania Volkslied Kompetisie

Uit die midde van ons vaderland,
in die hart van die Bo-Karoo
rys ons volk, ons taal,
ons nasie wéér
met ons oë gerig na Bo.

God is die rots waarop ons bou,
aan ’n toekoms vry vir my en jou.
Ons swoeg en sweet met harde werk
in Orania, deur God versterk.

Hy het ons gelei tot hier
aan die oewer van die Oranjerivier

Koor:

Ons Klein Reus-vlag wat wapper
in oranje, wit en blou.
Standvastig, sterk en dapper,
laat die wêreld dit aanskou.
In volharding en eerbied,
Oraniakultuur!
Word God se guns en goedheid
met dankbaarheid gevier.

God het ons gelei tot hier
na lewende water, Orania-rivier

Koor:

Ons Klein Reus-vlag wat wapper,
in oranje, wit en blou.
Standvastig, sterk en dapper,
laat die wêreld dit aanskou.
In volharding en eerbied,
Oraniakultuur!
Word God se guns en goedheid,
met dankbaarheid gevier.
Word God se guns en goedheid,
met dankbaarheid gevier.

God het ons gelei tot hier
na lewende water, Orania-rivier

- Sonya Pretorius -

Die Lied van Orania

Onder Karoo-son en sterre-prag
Het ’n dorre stuk aarde gewag.
Waar die Gariep langs kareeboom bruis
Spit ons ’n sooi en plant ons ’n kruis.
Die boorde, die oes op die lande
Is bewerk deur ons eie hande.
Met die hulp van die Allerhoogste
Oorwin ons die teenstand en droogte.

Koor:
Orania, Orania
Jy is ons trots.
Orania, Orania
Ons vesting, (en) ons rots.
(In Afrika, in Afrika)

Hier praat ons almal die soetste taal
Aan die Kaap begin, maar ver gaan haal.
Dit is die roepstem wat ons verbind
’n Lafenis vir man, vrou en kind.
Gee my jou hand, saam is ons sterker
As ’n enkel en eensaam werker.
Ver en wyd, ons horison is breed,
Afrika kan jy nooit nie vergeet.

Koor:
Orania, Orania
Jy is ons trots.
Orania, Orania
Ons vesting, (en) ons rots.
(In Afrika, in Afrika)

Geslagte wat kom, dié is jul land
Om voort te bou en nooit te verpand.
Saam beloof ons, saam gaan ons akkoord
Verhef ons stemme en eer ons woord.
Geliefde landskap, getemde veld,
Ons leef in vrede sonder geweld.
Veilig en sterk staan ons sy aan sy
En bou ’n toekoms, vir altyd vry.

Koor:
Orania, Orania,
jy is ons trots.
Orania, Orania,
Ons vesting, (en) ons rots!
Ons vesting, (en) ons rots!

- Susan Puren -